Chemists PLUS -apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 2 9 FEBRUARIE 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

Die Gematigde Engelse soek steun

In 'n onderhoud met mnr. Theuns Eloff oor die NUSAS-kongres wat deur studenteraadslede van die Afrikaanse en Engelse universiteite bygewoon is, het hy sy teleurstelling oor die resultate van die kongres uitgespreek.

Bryan Hack van die Universiteit van Kaapstad het aanvanklik met Afrikaanse studenteraadslede geskakel oor die moontlikheid van 'n gesamentlike kongres. Al die Afrikaanse studenteraadslede was versigtig positief en het onderneem om persone af te vaardig na hierdie kongres.

Rob Maguire het uitlatings oor die stigting van 'n nuwe organisasie, waarby na bewering ook Afrikaanse kapitaal betrokke is, gemaak. Dit het gelei tot slegte publisiteit in die studente - en die Engelse pers.

In Engelse kringe was daar onderlinge verskille tussen die Radicals, die Liberals, die Moderates en die Conservatives. Die Afrikaanse studenteraadslede het besluit om op die NUSAS-kongres te praat sonder om verteenwoordigend van die ASB as sulks te wees.

Die kongresgangers het beslis dat 'n "Declaration of Beliefs" op die laaste dag van die kongres gelees sal word. Hierdie verklaring is nie prinsipieel begrond nie en daarom wou die lede van die ASB ook nie as studenteraadslede betrokke raak nie. Elke Afrikaanse universiteit het twee studente benoem om op hierdie Gemagtigde studentevereniging te dien.

Volgens mnr. Eloff het die Conservatives deurentyd 'n lae profiel gehandhaaf. Selfs mosies waarmee hul kon saamstem om hulle eie saak te bevoordeel, is geïgnoreer. Dit het die bestaande agterdog teen hierdie groep verskerp, hoewel hulle juis gepoog het om nie antipatie onder die ander groepe te wek nie.

Op die laaste dag van die kongres het Bryan Hack die "Declaration of Beliefs" gelees, waarná die verteenwoordigers van die Afrikaanse studenterade hulle eie verklaring voorgelees het. Hierna het mnr. Eloff die verklaring van die ASB gelees.

As president van die ASB het mnr. Eloff verduidelik dat die bond versigtig was met sy steun aan hierdie organisasie omdat die afgevaardigdes nog nie verteenwoordigend is nie. Hy merk ook op dat die kongres op die eerste dag baie publisiteit in die Kaapse koerante gekry het, wat nie gedurende die res van die kongres die geval was nie.

Die Radicals en Liberals verskil baie, terwyl mnr. Eloff voorsien dat die Moderates en Liberals moontlik tot 'n vergelyk sal kan kom. Die radikalisering van NUSAS wat deur die IKEYS in die hand gewerk word, het reeds tot ontevredenheid onder laasgenoemde twee groepe gelei.

. . . en ma, ek is so moeg en dis so vreemd . . .

(Foto: Frik Schoeman)

ASPU LEER EN PU LEI

Mnr. Jan Kroeze, die Wapadredakteur, is op die ASPU-konferensie van 2 en 3 Februarie 1979 te RAU as die voorsitter van ASPU verkies. Mnr. Kroeze volg mnr. Jimmy Hamman UP op.

Vrydag, 2 Februarie, het verskillende redaksies opleiding van professionele joernaliste ontvang. Die nuusmense is deur mnr. Van Deventer van Beeld in nuusinsameling, -verwerking en tegniese versorging onderrig. Hy het veral klem gelê op die nuuswaarde van gebeure en of dit die LESER se aandag gaan boei of nie.

Humor skiet in 'n groot mate tekort en dit moét by die studentekoerant aanwesig wees. Daar was 'n lewendige bespreking met meningsverskil oor net nuuswaardige koshuisgebeure gepubliseer moet word en of koshuisnuus 'n aparte blad moet vul.

Die professionele mense ontken nie die eieaard van die studentekoerant nie. Dié koerant moet nie daarna streef om soos die dagblad te wees nie, behalwe in die geval van tegniese versorging en 'n goeie joernalistieke styl.

Mnr. J.J. Liebenberg, die kunsredakteur van Die Vaderland, het kunsredaksielede toegespreek en die opstel en aanbieding van die kunsblad nader toegelig.

Hier het 'n probleem van alle kampusse in sig gekom. Daar is 'n gebrek aan ruimte vir kunsblad en ook 'n gebrek aan belangstelling deur studente.

Die damesbladredaktrise van Beeld, mev. Vosloo, het teoretiese sowel as praktiese wenke gegee met veel nut vir studentedamesblaaie.

Hoewel die ouderdomsgroepe van dameslesers veel verskil van die gemiddelde damesstudent wat haar kampuskoerant lees, geld sekere norme deurgaans. Skoonheids- en gesondheidswenke vind altyd byval asook meningsopnames oor aktuele probleme.

Die gemeenskaplike probleme van kampuskoerante was ten opsigte van kritiek en ondersteuning van hul damesblaaie. 'n Interessante feit is dat damesblad deur 80 p.s. mans en slegs 65 p.s. dames gelees word.

Welkom terug

Die manne van die PU-kommando, wat gedurende die afgelope twee maande op die grens diens gedoen het, het Maandag 5 Februarie in goeie luim teruggekeer van die grens af.

Op die foto verskyn in gewone volgorde, voor kaptein Larney, luit. Eloff; en agter Paul van Wyk, Hannes Brouwer, L. Bezuidenhout, J. Kleynhans, H. Jacobs, L. Boonzaaler en M. Cloete.

(Foto: Frik Schoeman)

N G Kerkboekhandel Transvaal
'n Groot verskeidenheid boeke en kommentare vir
- **ADMISSANTE**
- **PROPEDEUTE**
- **TEOLOGIESE STUDENTE**

Voorgeskrewe boeke vir
- **WYSBEGEERTE**
- **SOSIOLOGIE**
- **SIELKUNDE**
- **KRIMINOLOGIE**

en ander SKRYFBEHOEFTES beskikbaar. *Tomstraat 98*
Foon: 7401

DIE BLOU WINKEL
Indiër Sentrum Tel. 6364
Studente Paradys
UITVERKOPING!
UITVERKOPING!
UITVERKOPING!
Winskopies in ons Mans en Dames Departemente.
Kom kyk en snuffel rond.

STUDENTWEES WORD ONS VOORREG

In een van sy toesprake aan die eerstejaars van 1979, het die rektor, prof. Tjaart, hulle daarop gewys dat dit 'n unieke voorreg is om student te wees. Dit word weerspieël in statistieke wat toon dat slegs een uit elke vyf skoolgaande kinders uiteindelik op universiteit beland.

Daar rus ook verantwoordelikheid op elke student om 'n sukses van sy verdere studies te maak. Hier het prof. Tjaart weereens van syfers gebruik gemaak om sy standpunt te staaf. Van die 400 miljoen mense in Afrika is 'n skrale 5 miljoen blankes.

Studente druip weens gebrekkige motivering. Sukses berus nie op die aantal ure wat 'n student aan sy studies bestee nie, maar gereelde en gedissiplineerde werk is van meer belang.

Dit is belangrik dat studente nie net probeer om die toekomsveranderinge te oorleef nie, maar om dit te benut en te help ontplooi.

Die student aan die PU is op die voorpunt omdat hy 'n jongmens is, 'n akademikus word en omdat hy 'n Christen wil wees.

Prof. Tjaart het in sy laaste oriënteringstoespraak aan die eerstejaars melding gemaak van die betekenis van die begrip "gees" in studentetaal maar ook die begrip soos dit in ons lewens as Christene, as Pukstudente, voorkom. Ons hoef nie 'n Gees van vreesagtigheid te handhaaf nie, maar krag, liefde en selfbeheersing behoort ons lewens te kenmerk.

Lede van die nuusredaksie voer 'n onderhoud met prof. Van der Walt oor die eerstejaars.
(Foto: Frik Schoeman)

PUNT

Die Karnavalkomitee het onlangs die puntetoekennings wat gemaak sal word gedurende Karnaval 79, bekend gemaak. Een van die mees belangrike aksies wat hierdie jaar aangepak word, is die bloedskenkingsveldtog wat Dinsdag 27 Februarie in die Totiussaal sal plaasvind. Sodra 20% van 'n koshuis se inwoners bloed geskenk het, word aan die betrokke koshuis 300 punte toegeken, en aan die koshuis wat pro rata die meeste bloed geskenk het 'n verdere 150 punte.

PARKEER

VANJAAR sal dosente op dieselfde vlak as studente behandel word wat parkering op die kampus betref. Slegs gespesifiseerde parkeerterreine mag deur dosente en studente gebruik word.

Twee van die parkeerterreine op die kampus is gedurende die vakansie geteer en sal hopelik verligting bring aan die nypende tekort aan parkeergeriewe vir dorpstudente.

Die nuwe parkeerterrein by die opvoedkunde-sielkunde gebou. (Foto: Frik Schoeman)

PU SPOG MET EIE WYN

Die PU spog deesdae met 'n eie ligte droë wyn uit die kelders van die Boland. Drie soorte wyn word spesiaal vir die PU gebottel - Cinsaut, Chenin Blanc en Late Vintage.

Die wyn staan bekend as Pukaner en is die breinkind van mnr. P.J.J.S. Potgieter, 'n dosent in Staatsleer.

Die gedagte het aldus die Oggendblad van Woensdag 10 Januarie 1979 by mnr. Potgieter ontstaan om die gebruik van goeie, natuurlike wyn en ook die kultuur wat daarmee saamgaan, te bevorder, en om verder 'n huiswyn in te voer wat gebruik kan word tydens amptelike onthale, koshuisdinees en rugbyonthale.

Die etiket op die bottels verbeeld die hoofgebou en die kandelaar embleem van die PU.

Vaste bestellings vir die wyn sal geplaas word sodra die restaurant in die nuwe studentesentrum voltooi is.

ASB LIG IN

ASB se inligtingstuk vir 1979 het verskyn. Dit behandel die ASB, die werking daarvan en bevat 'n jaarprogram.

Die tema vir 1979 is "Identiteit". Dit sal bespreek word op die 31ste jaarkongres van die ASB op 9 - 13 Julie op Stellenbosch. Die tema word in terme van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika bespreek.

Kuesta en Fiesta volg ook later.

Daar sal nog drie nuwe publikasies oor die hele land versprei word: ASBek, die koerant; ASBeeld, die studiestukke en ASBom, die geskeduleerde vlugskrifte.

NUWE INSTITUUT OPGERIG

Die PU het 'n instituut enig in sy soort gestig. Prof. Lohann is die voorsitter van die instituut vir Kinder- en Jeuglektuur. Die instituut sal navorsing doen oor Afrikaanse Kinder- en Jeuglektuur asook die pryse wat daarin gewin is.

Dr. Eslabé Steenberg die bekende Afrikaanse skryfster wat tans lektrise in Afrikaans-Nederlands is, sal ook deel hê aan hierdie navorsing.

AKADEMIESE RAAD ONTWIKKEL NUWE STRUKTUUR

Met ingang van die huidige akademiese jaar het die Akademiese Raad (AR) oorgeskakel na 'n nuwe struktuur. Met die nuwe struktuur sal die Raad nou werklik die hele studentemassa betrek en verteenwoordig en nie net die lede van die paar akademiese verenigings nie.

Die Uitvoerende Komitee van die AR deel in twee dele: die Verenigingskomitee en die Fakulteitskomitee. Die verenigingskomitee is in werklikheid die ou Akademiese Raad en dit behartig die verenigings se belange. Die Fakulteitskomitee is 'n nuwe liggaam wat vir werklik akademiese probleme en aangeleenthede verantwoordelik is. Die aktiwiteite van die verenigings word nie deur die verandering geraak nie.

Die Fakulteitskomitee se aktiwiteite sal onder andere die volgende insluit:

- uitgee van studiestukke'
- akademiese oriëntering van eerstejaars
- ondersoek na akademiese probleme van studente
- toekenning van akademiese erekleure
- skakeling met dosente of akademiese aangeleenthede

Die Fakulteitskomitee bestaan uit die voorsitters van die ses Fakulteitsbesture, sowel as die AR se ondervoorsitter wat verantwoordelik is vir die Fakulteitskomitee. Die lede van die Uitvoerende komitee van die AR sit ook daarop. Hierdie persone word almal verkies tydens die SSR-verkiesing. Tans is hulle:

Cobus Viljoen is die voorsitter van die Akademiese Raad. Die ondervoorsitter, verantwoordelik vir die Verenigingskomitee, is Louw van Biljon, terwyl Nico Lemmer die ondervoorsitter is verantwoordelik vir die Fakulteitskomitee. Vir elke fakulteit is daar 'n fakulteitsvoorsitter: Neels Schutte vir Lettere en Wysbegeerte, Miriam Stoker vir Natuurwetenskappe, Mario Pretorius vir Ekonomiese Wetenskappe. Joseph Kruger is die fakulteitsvoorsitter vir Regte, Johann le Roux vir Teologie.

Om die stelsel in werking te stel, sal klasverteenwoordigers in elke klas deur die klas self verkies word. Hulle sal dien as kanale waardeur die hele struktuur sal funksioneer. Die presiese skakeling tussen klasverteenwoordiger en Fakulteitsvoorsitter in elke fakulteit hang af van die behoefte van die betrokke fakulteit en hierdie besonderhede sal later deur vlugskrifte bekend gestel word. Die mikpunt is om die nuwe struktuur volledig geïmplementeer te hê teen Junie. Die klasverteenwoordigers sal voor einde Februarie verkies word.

Hierdie nuwe struktuur is daar gestel om die studentemassa van diens te wees.

LEES BETER EN LEER BETER

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing bied vanaf 1979 'n leesverbeteringskursus aan studente. Dit is die produk van diepgaande ondersoek op die gebied van lees, begrip, oogbewegings en konsentrasie. Hierdie kursus word veral vir studente aanbeveel omdat dit hulle in staat stel om nie slegs inhoud weer te gee nie, maar om ook kritiies te lees en te evalueer.

Verbeterde leesmetodes is ook bevorderlik vir studiemetodes. Leesvermoë word gemonitor deur 'n oogkamera en word met Tachitoskoopopleiding verbeter.

Die kursus strek oor agt sessies van negentig minute elk en sal R25 per kursus kos. Alhoewel die kursus in groepe aangebied word, sal probleme individueel behandel word waar nodig.

Belangstellendes kan mnr. J. Coetzee in die kelderverdieping van die Sielkundegebou kontak. Sy kantoornommer is K15.

AKTUEEL GEE LEIDING

Aktueel is 'n unieke Korpsliggaam wat PU-leiers oplei. 'n PU-leier is iemand wat nie alleen die gawe van leiding ontvang het nie, maar ook deur genade 'n leier is wat hom beywer vir die uitbouing van ons unieke PU-karakter, die karakter van 'n Christelike universiteit.

Aktueel wil aan jong Pukke kennis, vaardigheid en 'n spesifieke gesindheid oordra om sodoende leiers op die kampus te wees.

Aktueel beplan elf opleidingskampe gedurende 1979. Die eerstejaarskampe vind plaas op 16-18 Maart, 4-6 Mei, en 22-26 Junie. Op hierdie kampe word eerstejaars waarlik Pukke, en vind hulle kamerade wat soos hulle dink en glo en doen.

MALLEMEULE VEROORSAAK OPWINDING

Die groot treffer van vanjaar se Karnaval is die mallemeule van mnr. Ben Schutte wat spesiaal vanaf Johannesburg na Potchefstroom gebring word.

Al vier die dele van die mallemeule wat hierheen gebring gaan word, is van die lekker "naarmaakgoed" en almal draai ewe vinnig. Die mallemeule bestaan uit 'n Seekat (Octopus), 'n swaai, 'n groot wiel en blombakke wat vinnig in die vorm van 'n agt beweeg.

Die mallemeule sal op die ou Pukvelde opgerig word. Die kaartjies sal dertig sent per rit kos en die mallemeule sal vanaf Donderdag, 1 Maart tot Saterdag, 3 Maart in werking wees.

Wie Wat Wanneer Waarom . . .

KUNSUITSTALLING

Die JV bied in samewerking met mev Rika Venter 'n kunsuitstalling aan in die Totiussaal, van 20 tot 23 Februarie. Die rektor is die openingspreker. Skilderye, Persiese tapyte en beeldhouwerke word te koop aangebied.

KORPSTEMA UITGEBEELD

Maandag 5 Maart tot Woensdag 7 Maart vind die jaarlikse Korpsuitstalling in die Totiussaal plaas. Die tema is "Die Toekoms - alles tevergeefs?" Prof Willie Jonker van die Stellenbosche Kweekskool sal die hoofspreker wees. Verdere inligting sal later verstrek word.

KORPS LEI CHRISTELIKE OP

'n Opleidingskamp vir alle Korpsbesture is vanaf 1-5 Februarie by Boskopdam aangebied. Die opleiding het lesings oor groepsdinamika en beplanning behels. Die groepsdinamika was op die selle wat die hoofaktiwiteit van Korps uitmaak, toegespits. 'n Belangrike aspek wat aandag geniet het, was die stappe van probleemoplossing. Die beplanning is deur mnr. Brian Johnson van World Vision aangebied. Die World Vision is 'n Christen-ondersteunde organisasie.

Die unieke van die kamp was dat die lesings vanuit 'n Bybelse perspektief aangebied is.

Die Sentrale tema van Korps vir 1979, "die toekoms - alles tevergeefs", is van verskeie kante af belig. Prof. J.J. van der Walt het gepraat oor "Die Christelike hoop - my dryfkrag vorentoe". Dr. B J van der Walt, direkteur van IBC, het 'n gesprek oor die Kerk gevoer. Sy tema was "Jesus Christus, konserwatis, revolusionêr of askeet". 'n Vorige korpsraadsvoorsitter, mnr. L.M. du Plessis het oor die toekoms vanuit 'n regtelike oogpunt gepraat, en Prof C.J. Reynecke het die toekoms vanuit 'n natuurwetenskaplike punt belig.

In aansluiting by die tema was die skrifstudie uit Prediker gedoen.

ROTARIËRBEURSE WORD BEKEND

Die Rotariërstigting van Rotary International loods 'n skema wat "Educational Awards for International Understanding 1980-81" genoem word. Deur middel van hierdie projek word studente na die buiteland gestuur in 'n poging om internasionale verhoudinge te verstewig.

Die stigting stel verskeie beurse vir studente op verskillende vlakke beskikbaar; beide voorgraads, nagraads, tegniese studierigtings en ook beurse ter opleiding van gestremdes. Daar is ook beurse beskikbaar vir studente wat in die Joernalistiek belangstel.

Aangesien hierdie beurse normaalweg slegs vir die duur van een akademiese jaar beskikbaar gestel word, word daar nie van 'n student verwag om kwalifikasies te bekom nie, maar om as goedingeligte ambassadeur van sy land op te tree en verrykende ondervinding in die buiteland op te doen. Kwalifikasies wat benodig word vir hierdie beurse word uiteengesit in 'n brosjure wat beskikbaar is by die afdeling vir Beurse en Lenings aan die PU beskikbaar is. Die beurse word egter slegs aan uitstaande studente toegeken wat oor die potensiaal om 'n goeie ambassadeur vir sy land te wees, beskik.

Die beurse verleen aan studente die geleentheid om meer gespesialiseerde kennis op spesifieke vakgebiede te bekom en ook om verrykende ondervinding gedurende die jaar in die buiteland op te doen. Meer as 800 mense word jaarliks met behulp van hierdie projek die geleentheid gebied om oorsee te studeer.



Die PU-verteenwoordigers van AIESEC het opspraak verwek met hulle nuwe T-hempies wat die Franse vertaling van PU vir CHO daarop het. AIESEC is 'n internasionale vereniging van studente wat die ekonomie bestudeer en bevorder. Die naam AIESEC is ook 'n afkorting van die oorspronklike Franse benaming vir hierdie groep.

TARENTAAL NEEM OOR

'n Betoging vir onafhanklikheid is Dinsdag deur die Eerste Minister van Tarentaal gelei. Volgens hom is Tarentaal na 7 jaar van selfregering ryp vir onafhanklikheid. Die leuse van die tuisland is: Ons Voel Vere (met of sonder kolletjies, want ons voel in elk geval vere).

Die Eerste Minister is op die oomblik besig met sy doktorsgraad. Die tema is: "Die religieuse grondmotief van Liewe Heksie en hoe dit tot uiting kom in die lewens- en wêreldbeskouing van Siembamba". Mnr. Olivier is behalwe Eerste Minister ook Minister van Verdediging. Hy is glo nie die enigste wat dit kan doen nie.

Aan die Minister van Binne- en Buitelandse Sake, mnr. Schalk Bornman, is die spesiale opdrag van versorging van eksamenweduwees opgedra. Mnr. Bornman kritiseer die Minister van Invoere oor die vrot goed wat op die PU aangekom het.

Mnr. Adriaan van der Walt, Minister van Sport en Rekonstruksie se spesiale opdrag is om die eerstejaars uit en nie in te skakel nie. Volgens hom word nie integrasie beoog nie, maar dat die eerstejaar disintegreer.

Dawie Kriel, die Minister van Pukgees en Eerstejaarsgesanik het geen spesiale opdrag nie - hy karring maar net aan. Die huidige Minister Op Soek Na Portefeulje, Spikkels alias Ian Ferreira (BA Gesinsbeplanning) moet sy aandag wy aan misvormde tarentaalkleintjies en die spikkels op die leuse.

Volgens die Eerste Minister word daar onderhandelinge aangeknoop in verband met die aankoop van grond in die Vaaldriehoek met die doel om makliker ondergronds te gaan. 'n Oproep van die DBV is ontvang - hulle wil piesangs aan die nuwe apies hier by ons stuur maar die Kabinet het besluit om nie van buitelandse hulp gebruik te maak nie.

In sy boodskap aan die eerstejaars het mnr. Olivier gesê dat die eerstejaars hulle nie moet steur aan die bloed wat tydens oriëntering vloei nie - nuwe bloed is altyd welkom op die PU. Hulle moet ook besef dat die Oumenere langer hier is as hulle, en dat sommiges heelwaarskynlik langer as hulle hier sal bly.

'n Opname het getoon dat 5% van alle probleme tydens oriëntering plaasvind as gevolg van drankmisbruik, en die ander 95% as gevolg van die optrede van nugter mense. Daarom verbied die Eerste Minister van Tarentaal alle nugter mense by oriëntering.

Kenmerkend van hierdie jaar se oriëntering is die gewilde slagspreuk onder die eerstejaars: "Ek weet nie, Meneer". Mnr. Olivier het hulle egter gewaarsku dat as hulle gedink het hulle kan op universiteit net op hulle verstand staatmaak, moet hulle oppas, want dit is maar 'n klein begin.

In verband met die Skandaal van die PU het mnr. Olivier gesê hy wil nie ou koeie uit die sloot haal saam met die Koshuisadministrasie en dit voorsit tydens koshuisetes nie, maar die probleem tot op die been oopkrap - hy is egter bang dat hulle soos alle groot staatsmanne stank vir dank gaan kry.

V.l.n.r.: Schalk Bornman, Minister van Binne- en Buitelandse Sake, Spikkels alias Ian Ferreira, Minister op soek na Portefeulje, Hendrik Olivier (met die troon), Eerste Minister en Minister van Verdediging, Adriaan van der Walt, Minister van Sport en Rekonstruksie, Dawie Kriel, Minister van Pukgees en Eerstejaarsgesanik.

STUDENTE REIS GOEDKOOP

Voltydse eerstejaarstudente ontvang vanjaar reisbeurse om hullo reiskoste na en van die Universiteit te dek. Bydraes van oudstudente aan Aksie Pukmiljoen word deels gebruik om tweehonderd reisbeurse van R100 elk te finansier.

Faktore wat by die toekenning van hierdie beurse in aanmerking geneem sal word, is die afstand wat die applikant jaarliks aflê om aan die PU te studeer; tyd wat sy reis in beslag neem; ongerief en onkoste in verband met reise; motief vir studie aan die PU; behoefte aan finansiële bystand; akademiese meriete; bydraes van oudstudente uit die gebied waar die applikant vandaan kom, en koshuisinwoning.

Kandidate wat vir die beurse in aanmerking wil kom, moet 'n aansoekvorm by Die Registrateur, PU vir CHO, Potchefstroom, voltooi.

LEPEL IN DIE DAK STEEK?

Ruk u reg met Super Sixty

Herwin u energie, fut en lus vir die lewe met Super Sixty - die nie-sintetiese gesondheidstabule, vol van liggaamlike heilsaamheid. Elke Super Sixty tabule bevat kragtige Vitamien E plus 59 ander noodsaaklike vitamiene, spoorelemente en aminosure. Super Sixty is geformuleer in 'n groentekonsentraatbasis van pietersielie, seldery, prei, kelp (seewier) roosbottel, sitrusbioflavonoïde, melasse, torula-gis en lesitien - 'n Volkome gebalanseerde samestelling.

Moenie afgerem raak nie- laat Super Sixty in u dieet vervang wat moderne tegnologie daaruit haal - Vitamiene, die bron van lewenskrag.

'n Gehalteproduk van

NATURMADE

ons dra u gesondheid op die hart.

SUPER SIXTY is by alle apteke op Potchefstroom verkrygbaar.

die WAPAD

Studente maak kontak

Dit is verblydend dat die ASB en veral die PU noue kontak met die studente in Soweto probeer maak. Hierdie stap behoort baie misverstande uit die weg te ruim. In Suid-Afrika sal alle bevolkingsgroepe moet leer om saam te werk en saam te leef en saam probleme op te los. Dit kan egter nie gebeur as daar misverstande tussen die verskillende bevolkingsgroepe bestaan nie. Al sou dit aan die begin moeilik gaan is die vertroue daar dat dit nogtans die regte weg is en dat dit goeie vrugte sal afwerp.

PU loop weer vol

Die akademiese jaar is weer in volle gang. Nadat die eerstejaars reeds meer as 'n week op die kampus is - stoksielalleen - is die PU met sy volle studentelewe weer voluit in beweging. Die Wapad-redaksie wil al die seniors terugverwelkom op die kampus. Die studentelewe hang grootliks van julle af, maar die akademie is belangriker: dit bly van primêre belang.

Die kampusgees het die afgelope jaar 'n positiewe wending begin neem: meer akademiese ingestelde gees. Dit hang nie net van die doserende personeel af hoe hoog die akademiese standaard is nie, maar ook van die studente. Laat dit dan vanjaar ons primêre doel wees: die verbetering van die akademiese standaard van die PU.

PU-kommando is terug!

Aan die einde van 1978 het baie Pukke afskeid geneem van òf vriende òf ouens: hulle was lede van die PU vir CHO se kommando en sou eers laat in Februarie 1979 terugkeer. Almal is egter verras deur hul terugkoms op 5 Februarie. Die Wapadredaksie wil hierdie mense bedank vir die diens wat hulle aan ons land gelewer het. Terwyl die ander Pukke lekker vakansie gehou het of vir hereksamens gestudeer het. Die akademie en die volle burgerlike lewe kom 'n bietjie skielik op hierdie weermagmanne. Die Wapadredaksie vertrou tog dat u dadelik sal inval en vasbyt. Die PU het u net so nodig.

Sakboekies is teen

70c

by die SSR-kantoor en die Kafeteria beskikbaar

San sien die Rusverstoorders

Jy!

Ek wat Susanna heet, wens jou agt maande van salige leegrondlê toe ná die voos, rug-(hart?)-brekende drie werkmaande. As jy tog net nie in jou hoed-oor-die-trek-siësta verstoor word deur 'n swerm kruipende, drillende kuikenhede nie!

Hoor bietjie wat sê daar die kranke klomp aan die top van 'n DOOR:

- Dreienis Te Loff: moedelose, uitgeputte, hangende, vuil eerstejaardame.
- Gert Bred: 'n eier.
- Lewies Janlooi: verwarde, senuagtige, hoërskoolagtige, onsekere, raserige vrou-in-wording.
- Bertpiet Kortjou: dom meisiekind.
- Breinman Depein: goor.
- Andries Vanniewal: suurstofdief in 'n lelike rok.
- Trisko Dikkernoes: kuiken-in-eier.
- Friegsied Yselende: oulike Matriekmeisie.
- Nie-pario TP-us: teikengebied wat lyk soos 'n plank.
- Ydie Wannervalt: meisie wat baie moet leer van die lewe, terwyl sy dink sy weet als.
- Dedaan Block: vlegsels en lang ore, snaakse rokke met dummy-innie-mond.
- Jota Boutjes: plat hare, plat skoene met crimplene-rok wat platskaam rondloop.
- Gits Frepoloff: ag, nee.
- Ketrie de Korps: hangende rokke wat in die rondte draai.

En die rokgoed moet natuurlik bykwetter oor 'n DRAAK:

- Are-Mannie Yeskops: wintie-verwarde seunsman wat met reguit rug pushups doen.
- Spach Ter Leen: ongemaklike, loslittige seunskind.
- Dagdel Mannervalt: groot ding met stert wat vuur spoeg.

Susannasan sê vir jou 'n soete slaap op 'n bulsak van kolletjiesvere!

SAN.

Uit die Woord

Jy moet my Naam dra . . .
want jy's myne
Die Derde Gebod
Ex. 20:7 - Ps. 8

Ek is die Here, jou God. En jy's myne! Daarom kan jy my liefhê. Daarom kan jy my beeld uitdra. En as Beelddraer word jy ook my Naamdraer. Op jou voorkop het Ek my Naam geskrywe. Waar jy ookal optree is my Naam op die spel.

En nou kan ons met God se Naam een van twee doen: Ons kan sy Naam gebruik of misbruik.

Positief moet ons sy Naam gebruik. Ons mag nie oorbeskeie wees en sy Naam nooit oor ons lippe laat kom nie. Ons moet Hom reg bely, Hom aanroep en Hom prys. Ons moet praat van Hom, tot Hom bid en lofsing vir Hom. Dit is my dankbaarheidsplig om van God te praat. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. My lewe moet sy Naam uitdra. Ons moet oppas dat die Vader in die hemel nie 'n slegte Naam by die mense kry, deur sy kinders se optrede hier op aarde nie.

Daarom let op jou woorde. Let op jou dade. Word God se Naam geprys deur dit wat ek skryf, deur die gesprek wat ek voer, deur die werk wat ek doen? Dit is die vrae wat my die hele dag moet vaspen. Solank ek nie met dié vrae besig is nie, verstaan ek nie die bevel van die Here nie: jy mag die Naam van die Here jou God nie ydelik gebruik nie. Dan misbruik ek sy Naam.

Sy Naam ydel gebruik . . . Ydel is leeg, hol, niksseggend, ligvaardig, oppervlakkig. Ydel beteken om God se Naam te noem waar daar geen eerbied by is nie. Sy Naam mag nie melodramaties, aansitterig, met grool vertoon aangeroep word nie.

Daar is geen sonde wat God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Onthou ons dit as ons gebede sonder konsentrasie elke dag prewel? Dan maar liewer swyg oor sy Naam? Eerder ophou bid as om doelloos te prewel? Nee, nooit mag ons swyg nie. Want dan het ons deel aan die ydel gebruik van God se Naam.

Jy kan nooit neutraal staan, onbetrokke wees teenoor God se Naam nie. Wie nie vir Hom is nie, is teen Hom. En die draer van sy Naam is nie kleurloos nie. Hy wys sy kleure. Hy kleur ook alles waarmee hy te doen het. Weg is dan die sogenaamde "neutrale" skool, "neutrale" pers en die "neutrale" wetenskap.

- Om God te vloek en te laster is vreeslik, maar om Hom dood te swyg is onduldbaar. Daarom vra Hy jy moet streef vir die christelike skool, die christelike pers, die christelike universiteit, die christelike wetenskap. Alles vertel van die heerlikheid van God . . . die natuur, die hemelruim. Hoe kan die kroon van die skepping swyg, sy kultuurproduk moet die stempel dra: dit behoort aan die Here! Dit dra sy stempel.

Jy kan dus nalatig wees oor God se Naam. En dis erg. Uit nalatigheid blyk dat die liefde ontbreek. En jy moet God bo alles liefhê. As ek een oomblik op een terrein nalaat om van God se Naam te getuig toon ek liefdeloosheid.

Jesus Christus is in ons plek gestraf oor hierdie gebod. Hy is beskuldig van Godslastering en met hierdie beskuldiging is Hy die dood in. Hy wat kan swyg as Hy moet swyg en kan praat as Hy moet praat is gestraf om te betaal vir ons swyging as ons moet praat en vir ons onnodige woorde as ons moet swyg.

Sien jy nou wat ons uit dankbaarheid moet doen: van God praat. Sy Naam reg gebruik. Want ons het self 'n heerlike naam gekry!

UIT NO. 13

Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel - anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. - (Red.).

ASB: REG OF WEG

Die redakteur,

Kom ons wees eerlik, 'n saak het altyd twee kante: reg en verkeerd, positief en negatief. Die reg en die positief van die ASB is sy president, Theuns Eloff en die verkeerd en negatief van die ASB is die res van die hele ou organisasie.

Teruggerem en vasgehaak aan die wag-'n-bietjiebos van die eng verkrampte Afrikaanse studente (ek dink veral aan Tuks) kan ons geagte SSR-voorsitter en ASB-president rem en ruk so wat hy kan - hy sit.

Die algemene kritiek teen die NP-beleid van buite vandag is dat as hulle die hervormings en toegewings wat vandag gemaak word tien jaar terug gemaak het, Suid-Afrika nie nou op die internasionale braaivleisvuur sou lê en swaarkry nie. Ongelukkig het die tye nou anders verloop en ons sit waar ons sit. Maar nog het ons, ASB-remskoene nie geleer nie. Nee, as ons geagte ASB-president dit waag om namens die leiers van môre - die studente van vandag - iets aan die hand te doen wat vir die regering wys ons is nie bang vir die uitdagings wat gaan volg op die uittrek van kleinlike rassistiese klitsgras soos ontugwette uit ons beleid se kouse nie, kry hy die wind so erg van voor dat dit byna sy stem uit sy mond waai.

Die hele logge ou ASB-liggaam is so bang vir die ondergang van hulle alewige ou Afrikanerdom en kultuur dat mens eintlik lag kry. Bang wees lyk vir my suspisieus baie na geen vertroue hê in die morele waardes van ons ou volkie nie en die woordjie "kultuur" is steeds 'n slot om ons vreeslik bevoorregte ou klompie wat Afrikaans praat in 'n hok te sluit weg van Ingelse en "kaffers".

Tereg, Nusas het ook nie al die antwoorde nie, en neo-marxisme is 'n lelike ding, maar wat van 'n "new deal", Theuns?

Laat die ASB hulle maar steeds op hulle ou Sannas en ossewaens beroep. Ons het die R1, die mirages en drome van laserstrale wat Suid-Afrika nou nodig het om weg te breek en reg te kom.

Estelle Oosthuizen

DIT HELP TOG NIE

Meneer Redakteur,

Al te dikwels hoor 'n mens studente sê: Dit help tog nie dat ek my met die politiek bemoei nie, sake sal tog maar hulle gang gaan. Of politici wat sê: Julle studente woon daar in 'n ivoortoring, julle het nie voeling met die praktyk nie.

Beide hierdie gesindhede dra by tot 'n groter afsydigheid teenoor die politiek by baie studente. Maar is dit reg?

'n Student is nie net op universiteit om hom in 'n sekere rigting te kwalifiseer nie. Hy moet homself ook as mens in oorgangstadium tussen kind en volwassene slyp in elke lewensfaset, waarvan die politiek beslis belangrik is.

As toekomstige leiers, besluitnemers en beleidnemers van die gemeenskap is dit veral van belang dat studente hulle vertroud maak met die politiek. Ons lewe in 'n land waar die politiek van kardinale belang is vir ons toekoms en bestaan. Geen verantwoordelike landsburger kan afsydig staan teenoor ons land en sy toekoms nie.

Op universiteit het 'n mens juis die geleentheid om met 'n wye spektrum menings in aanraking te kom. 'n Saak het dikwels baie kante, veral 'n politieke saak, en 'n mens moet nie huiwerig wees om jou idees te toets teen die van ander nie.

Ook na buite moet ons onsself laat hoor. Ons moet ons nie deur beskuldigings van ivoortoringbewoners laat koud sit nie. Hoewel ons nie so baie met die praktyk te doen het nie, het ons vanweë groter objektiwiteit dalk 'n beter oorsig.

Slegs as daar 'n wisselwerking van idees is, kan daar vorming, groei en vooruitgang wees. Ons as studente mag nie in hierdie proses ons plig versuim deur op die kantlyn te sit nie. Die toekoms is ons s'n en daaraan moet ons nou reeds begin bou.

Siegfried Eiselen

STUDENTE BLY STOM EN DOM

Geagte Redakteur,

Daar lê hulle op die toonbank in die kafee: Sarie, Fair Lady, Rooi Rose, Darling, ens. ens. Aan die begin van elke somer lees mens: "Word maer vir jou nuwe bikini" of "Brand veilig bruin", elke winter: "Eksklusiewe breipatrone!" of "Gratis kookboek!" Mens slaan Die Wapad oop, en soos laasmaand se deurgeluisterde Top Twenty-plate staan dit daar: "Lekkerruiklekkerte" en Ikabana - 'n fyn kuns vol gevoel".

Klaarblyklik kán die dames nie 'n gewone koerant lees nie. Vir hulle - ten spyte van die feit dat dit in alle ander tydskrifte OOK verskyn - bestaan net hulle voorkoms, sentimentele stukkies oor sleep, politiek hoofsaaklik in soverre dit hulle help om man tevrede te stel en kinders op te voed. Dames het klaarblyklik die verdere agterstand dat hulle slegs kan lees met behulp van 'n wasige foto oor die artikel. Vir hulle is die gedigte van Antjie Krog en Lina Spies veral geskik.

Poplap (en wie se aster is jy?), vroulikheid kan nie afgebaken word tot die nuutste modes, blommerangskikkings, fynheid, blommerige taalgebruik en oppervlakkige politiek nie. Eers wanneer jy aan jouself as **mens** getrou is, sal jy ook 'n indiwiduele vroulikheid ontwikkel. Aangesien dit ook waar is van 'n man, kan ek nie die die propagering van die stereotipe "dame" wat 'n damesblad aan my opdring, aanvaar nie.

Poplap kan baie doen om die meisies op die kampus te laat besef dat hulle nie die "swakkere vat" is nie, dat hulle eerstens **mens** is voor hulle **vrou** is, dat jy nie noodwendig as mnr. So-en-so se "aster" of se verloofde bekend hoef te staan nie, maar 'n eie identiteit het - as **mens**. Hoe kan Poplap dit doen? - Deur van die toneel af te verdwyn.

Om vroue meer bewus te maak van aktuele sake is 'n valse probleemstelling; meeste mans is net so onkundig oor aktuele sake en stel ewe min belang - kom ons probeer eerder om ons **studente** meer betrokke te kry. Kom ons stel hierdie oorbeklemtoonde gaping tussen die geslagte weer in perspektief, en bou eerder 'n indiwiduele(-alistiese) persoonlikheid uit as die stereotipes wat aan ons opgedis word!

Ek wil sommer terselfdertyd die Sakboekie Redaksie van '79 bedank; daar is hierdie jaar net een diskriminerende slagspreuk (p. 51) teenoor '78 se sewe.

C. Jansen van Rensenburg

Redaksionele kommentaar op die brief:

Poplap verskoon mnr. Van Rensenburg (of is dit dalk tóg mej.?) vir die uitgediende simpatie met die unisex gedagte van jare gelede. Vroulike kunssinnigheid en finesse is 'n eienskap wat 'n vrou het - of nie het nie.

Jammer - Poplap sal nie van die toneel verdwyn nie, aangesien daar altyd dames op die PUK sal wees.

(Red.)

PU EN ASB KONTAK SWART STUDENTE

Die SSR van die PU, in samewerking met die ASB, het reeds verskeie pogings aangewend om beter verstandhoudings met anderkleurige studente in Suid-Afrika aan te knoop, en veral met die swart student. Hulle poog om deur middel van GESPREK DIE bestaande antagonisme en wantroue van die swart student in die Afrikaner, te vervang met 'n gevoel van wedersydse vertroue tussen wit en swart.

Daar was gedurende 1978 reeds drie vergaderings gehou waar wit universiteite sowel as swart studente verteenwoordig was, maar werklike kontak was altyd verhinder as gevolg van die feit dat die swart studente nie oor 'n verteenwoordigende liggaam beskik waarmee geskakel kan word nie.

Twee van hierdie vergaderings is in Pretoria gehou en die laaste een is op inisiatief van die PU-SSR te Potchefstroom gehou. Op die betrokke vergadering is bande gesmee om in die toekoms meer sulke byeenkomste te hou.

Alhoewel hierdie kontak wat gemaak word, essensieel is op die pad na beter verhoudings, blyk dit asof dit nog lank sal wees voordat werklike positiewe resultate bereik word. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die bestaande radikale verskille tussen wit en swart.

Kwessies wat veral diepliggende probleme veroorsaak het was die swak standaard van swart onderwys in Suid-Afrika en die behuisingkwessie in Swart stedelike gebiede.

ring van hulle poging tot snaaks-wees rondom power toiletgrappies, ter sprake. Ons verwag nie sulke woordeskat en uitlatings van studente in die kalklig van 'n Universiteit wat die woord "Christelik" in sy amptelike naam vervat nie.

Tweedens, die puntjie wat ons die naaste aan die hart lê. Dit is heerlik en gepas as die rasieleiers mekaar goedig bespot, maar wanneer dit kom by uiters persoonlike aanmerkings wat grens aan laster, moet 'n mens iewers die streep begin trek. Vanwaar kry u rasieleier die reg om aanmerkings te maak wat mnr. Gildenhuys se manlikheid in twyfel trek? Aanmerkings met betrekking tot beweerde "vroulike maniertjies" en 'n gepaardgaande onsmaaklike grap, pas nie by iemand wat daarop behoort te roem dat hy 'n voorbeeld vir sy massa stel nie. U rasieleier kan hom gerus vergewis van die betekenis van die woord "manlikheid". Mnr. Gildenhuys het hom in elk geval op eg manlike wyse gedra, en so ook mnr. Du Toit, onderrasieleier.

Ons wens is dat die saak deeglik onder u rasieleiers se aandag gebring sal word. Verder veroorloof ons ons ook die reg om te eis dat die twee here persoonlik 'n skrywe aan Kovsies se koerant "Irawa" sal rig, waarin hulle mnr. Gildenhuys om verskoning sal vra.

Ons sal reaksie in hierdie verband waardeer.

Sannie Petoors, namens die 128 inwoonsters van Huis President Steyn.

KOVSIES IN EER GEKRENK

Geagte Redakteur

Ons as inwoners van 'n dameskoshuis, Huis Pres. Steyn op die Kovsiekampus, het ons verplig gevoel om hierdie skrywe aan u blad te rig. Ons hoop dat die kwessie u en u studente se aandag en nadenke sal geniet.

Omdat ons slegs trots en lojaliteit teen ons Alma Mater en medestudente koester, is dit logies om tot die gevolgtrekking te kom dat ons een van ons medestudente in 'n leiersposisie se eer sal verdedig wanneer dit op die spel is. Dit is dan ook vir ons onaangenaam om die teleurstellende optrede van u rasieleiers tydens die pas afgelope Intervarsity hier te vermeld. Hulle optredes het bygedra tot die afbreking van die goeie gees waarin die Intervarsity plaasgevind het.

Eerstens is die skandelike taalgebruik van die meneer of albei menere en die sentre-

POTCH INRY

Februarie '79 Tel. 21881

5 en 6 THE CHEAP DETECTIVE - Peter (Columbo) Falk
9 en 10 ede THE CHEAP DETECTIVE - Peter (Columbo) Falk
7 - 10 1ste CONVOY - Kris Kristofferson
12, 13, 16, 17 1ste INTERNATIONAL VELVET - Tatum O'Neal
14, 15, 16, 17 2de NIGHT FULL OF RAIN - Candice Bergen
19, 20, 23, 24 2de AMSTERDAM KILL - Robert Mitchum
21 - 24 1ste DEATH ON THE NILE - David Niven

Redaksie 1979

REDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster Tel. 3468, 22246, 22151
ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Krüger, Klooster Tel. 3468, 22246, 22151
NUUSREDAKTRISE: Mariëtte van der Walt, De Wetstraat 5, Tel. 5492
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: Kierie du Rand, Hoër Tegniese Skool Tel. 22154
RAADSREDAKTRISE: Marlian Kritzinger, Vergeet-my-nie Tel. 5211/2
DIEPTE-ARTIKELSREDAKTRISE: Marianne Slot, Tomstraat 26 Tel. 23429
DAMESBLADREDAKTRISE: Mariëtta Kruger, Karlien Tel. 3214/5/6
KOSHUISREDAKTRISE: Didner Roestrof, Vergeet-my-nie Tel. 5211/2
KUNSBLADREDAKTEUR: André Howard, Klooster Tel. 3468, 22246, 22151
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen, Hombré Tel. 7996, 23915
VAALDRIEHOEKREDAKTEUR: Koos Pretorius
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius
TEGNIESE REDAKTRISE: Renée Purén, Wag-'n-Bietjie Tel. 4277/8
VERSPREIDINGSREDAKTEUR: Louis van der Linde, Klooster Tel. 3468, 22246, 22151
OPLEIDINGSREDAKTEUR: Henning van Aswegen, Hombré (Gang 3, kamer 64) Tel. 7996
SEKRETARESSE: Marietjie Eloff, Huisvaderswoning Kulu Tel. 3952
PENNINGMEESTER: De Wet du Plessis, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151
SSR-LID VIR WAPAD: Anne-Marie Jacobs, Wag-'n-Bietjie Tel. 4277/8
SPOTPRENTTEKENAAR: Mynderd Vosloo, Caput Tel. 22371, 3375/6
REKLAMEBESTUURDER: Jacques Pienaar, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151

SPIRAL POTTERY

Posbus 20413, Noordbrug

★ Pottebakkersklasse
Verkope van: . . .
★ Pottebakkerswerk
★ Leerwerk
★ Beeldhouwerk
★ Skilderye

NAVRAE:
J.P. Coetzee
Von Wiellighstraat 9
POTCHEFSTROOM
Tel. 21607

Poplap

POPLAP SÊ 'LO

'n Nuwejaar-dagsê is altyd 'n lekker ding. So vol gesels oor interessanthede van die vakansietyd se niksdoen en propvol geesdrif vir 'n lang, nuwe jaar wat wag.

Vir die nuwegesig-Pukdames: 'n blink welkom in die damesgeledere van Die Wapad. Ons sien uit na die saamgesels van elke Vrydag - en hoor graag die jongste nusies uit jou kontrei. Hoewel die ervaring op die kampus tot dusver waarskynlik een van min slaap en baie leef (?) was, belowe ons jou dat die grootmensdae tog so geleidelik naderstaan met hul byderwetse klasdrafaantrek en koshuis-kuiertjies.

Maak jou tuis, nuwe juffrou Puk-student - die kampus behoort aan elke dag en die universiteitlewe is ons s'n. Maak dit joune, op 'n eie, individuele manier.



André Howard (Pukkie-redakteur) oorhandig die 1979-Pukkie aan Jan Botha (Karnaval-voorsitter).
(Foto: Frik Schoeman)

SIT JY VAS

- gegordel, bedoel ek? As jy is, is jy 'n goeie passasier en as jy nie vasgegordel is nie - lees eers klaar en aan die einde besluit jy weer oor jou gordel.

Die wet bepaal dat alle insittendes op die voorste sitplekke van motors wat na 1 Januarie 1965 geregistreer is, vanaf 1 Desember 1977 sitplekgordels moet dra, sodra hulle in 'n voertuig klim wat wil vertrek. Hierdie sitplekgordels moet voldoen aan die spesifikasies van die SABS, en moet die merk van die SABS dra.

Hierdie wet is nog nie van toepassing op bakkies en vragmotors nie, en ook nie op die bestuurder van 'n voertuig wat truwaarts beweeg of parkeer nie.

Enige persoon bo die ouderdom van 13 jaar, wat versuim om aan hierdie regulasie te voldoen, maak hom skuldig aan 'n misdryf. Die bestuurder van 'n motorvoertuig wat versuim om toe te sien dat 'n persoon onder bogenoemde ouderdom aan die bepalings voldoen, oortree die wet. Die maksimum boete vir hierdie oortredings sal aanvanklik nie R10,00 oorskry nie.

Daar is vyf tipes gordels: die eerste tipe is die tuiggordel. Hierdie gordel verleen die beste beskerming aan die insittende, maar word meestal net in sport- en renmotors aangetref.

Die skouergordel is 'n tweede tipe. Die gordel word aan die een kant van die vloer van die motor en aan die anderkant aan die deurpilaar vasgemaak. Die gordel span skuins oor die insittende se bolyf. Die nadeel van dié gordel is, dat in die geval van 'n kantbotsing, of as die motor omslaan, die insittende dalk mag uitval.

'n Derde gordel is die skootgordel wat slegs oor die skoot pas. Die nadeel van die gordel, is, dat die bolyf van die passasier nog vorentoe kan buig, en kop- en borsbeserings kan opdoen.

Die gekombineerde skouer- en skootgordel word die meeste in Suid-Afrika gebruik. Hierdie gordel bestaan uit 'n materiaalband wat aan die deurpilaar en aan dieselfde kant van die vloer vas is. Daar is 'n gevormde metaalplaatjie wat oor die band beweeg en in die gespe pas. Die tweede band is aan die vloer van die motor, in die middel vas, en hieraan is die gespe.

Die rukstopgordel is 'n vyfde tipe en word toenemend in Suid-Afrika gebruik. Die gordel lyk soos die driepuntgordel, maar laat vrye beweging toe en sluit outomaties vas wanneer skielike beweging in enige rigting plaasvind.

Sorg dat jou gordel behoorlik vas is, en let op die volgende punte:

- die gordel moet jou effens vasdruk teen die sitplek
- die skootgordel moet laag oor die heupe rus
- die gordel moet so styf moontlik getrek word sonder dat dit ongerief veroorsaak.

As die gordel nie behoorlik vas is nie, kan beserings opgedoen word wanneer die persoon skuinsdraai en uit die gordel gly. 'n Persoon kan ook in sulke gevalle hard met die gordel self bots en moontlike kneusplekke en inwendige beserings opdoen.

Statistieke toon dat 'n persoon se kanse om noodlottig beseer te word, wanneer hy uitgeslinger word uit 'n voertuig, vyf keer groter is as wanneer hy binne die voertuig bly.

Sitplekgordels moet ook oor kort afstande gedra word, want die meeste ongelukke vind in die stedelike gebied binne 40 km van die slagoffers se huise plaas en soms teen snelhede so laag as 20 km/h.

Navorsing het ook bewys dat net een uit elke 200 voertuie tydens 'n ongeluk aan die brand slaan of in diep water beland. Indien die sittende 'n sitplekgordel dra, is sy kanse vir oorlewing baie groter as dié van 'n persoon sonder 'n sitplekgordel.

Die gordel voorkom grootliks beserings wat van so 'n aard is dat 'n insittende sy bewussyn kan verloor. Hierdie insittende kan homself uit die wrak bevry.

Slegs twee uit elke 100 sitplekgordels kan moontlik breek in 'n ernstige padongeluk teen 'n snelheid van 70 km/h plaasvind. In so 'n geval sal dit reeds sy funksie vervul het, naamlik om beserings te verminder. Standaard sitplekgordels beskik oor 'n weerstandsvermoë van 1800 kg.

Tydens 'n botsing kan insittendes wat nie vasgegordel is nie, die bestuurder se beheer oor die motor kortwiek en ook medepassasiers beseer, deur teen hulle aangeslinger te word.

'n Korrek-verstelde gordel sal normaalweg geen ernstige beserings veroorsaak nie. Wanneer 'n sitplekgordel nie gedra word nie, is die kanse om in 'n ongeluk beseer te word, ses keer groter as andersins.

Die gevaarlikste sitplek in die motor is dié van die voorste passasier. Die moontlikheid dat die voorste passasier in 'n ongeluk beseer kan raak, is 75%; vir die bestuurder is dit 13% en vir die agterste passasier 6%.

Alhoewel sitplekgordels geen waarborg teen padongelukke as sodanig bied nie, kan dit wel padsterftes en ernstige beserings in 'n groot mate voorkom.

So Poplappe, gordel vas - dis so natuurlik soos die lewe self.

N.S.:
Met 'n naweek van opdollie en uithang voor - geniet dit, eerstejaars! Dit is 'n Saterdagaand waaroor jy nog baie gaan lag, en onthou ...

Welkom terug aan al wat aanhanger is van lekkerruikdinge en langsteel krisante en keramiek-koffiebekers.

Groetnis Poplap

Doepa vir 'n lae dag

Gepraat van hierdie vroegdagoggende en minslaap dae - al ooit opgelet dat jou nuwe kamermaat en selfs die buurvrou, partydae so tussen die middagsport en sleeptyd geluidloos verlep. As die verlangdeel huis toe in jou kom nesskrop - verwilder hom summier:

* met duur-duur parfuum wat jou begroting tot in die wintertyd 'n knou sal gee
* bel jou ma halftwaalf in die aand om haar te verseker jy het nié 'n ongeluk gemaak nie - en jy is nòg lief vir hulle twee daar ver
* Stel jou wekker vir tweeuur, sodat jy vir eenkeer in jou lewe kan voel hoe dit is om hom summier stil te maak en verder te slaap.
* lees jou st. 4-afsêbriefie en dink sommer weer aan laerskooltyd se lang en kort pouses met geleerde "tights"
* sit 'n hele uur lank in die aand op die gras voor die bib en besef hoe gelukkig jy is om buite te wees - terwyl die ander doodernstig swot aan die binnekant.
* nog nooit het 'n onbeplande (en onbeheerste) huilbui misluk as verligter van 'n bodemlae psige nie.
* die stilbly en drie kosmosse van jou af, helder jou kamermaat se dae op na die "uitmaak", (ten minste tot volgende naweek se skiet ...)
* stuur 'n bossie St. Josephlelies vir jouself (die bloemiste het ten minste die moeite gedoen om Bult toe te ry agter jou aan).
* staan die oggend na 'n reënnag 'n uur vroeër op om die son te sien opkom

RESULTATE: 'n nuwe lus vir vrouwees tot die volgende onkeerbare "blues" jou toesak.

Aster woeker en wiel in '79

Aster, die vereniging waaraan alle PUKdames behoort, het groot planne vir die nuwe termyn. Omdat die dames hier op die PU nie altyd die geleentheid het om dinge wat die stad bied by te woon nie, gaan die Asterkomitee hierdie jaar probeer voorsien in die behoeftes van die dames. Verlede jaar is 'n komitee verkies om as skakelliggaam vir die dames op te tree. Die dagbestuur is Heleen Coetzee - voorsitster, Melinda Swanepoel - ondervoorsitster en Amanda Ernst - sekretaresse.

Op 27 Februarie word 'n interessante modeparade aangebied. Van 21 - 22 Maart bied die tydskrif, Sarie Marais, 'n gekombineerde praatjie en demonstrasie oor modes en skoonheid. Die program bestaan uit 'n modevertoning en klerekasbespreking en die studente sal persoonlik betrek word deurdat twee van die dames gebruik sal word as modelle. Daarna volg 'n demonstrasie oor grimeermetodes en 'n bespreking daarvan. Die demonstrasies sal twee en 'n half uur duur met 100 studente per sessie. Daar sal eersdaags inskrywingsvorms beskikbaar wees. Aster beplan ook verskillende praktiese kursusse soos pottebakkery, rottangwerk, houtsneewerk, garnering en onthaal.

Om die balans met akademie en politiek te behou sal ons een naweek die dames van Fort Hare besoek. Ons sal vanjaar weer pakkies na die grens stuur. Die Asterdag beloof om vanjaar baie interessant te wees. Gee julle idees vir die Asterverteenwoordigers in julle koshuise en kom geniet dit wat ons julle gaan bied.

Wapadjies

Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.

HOU S.A. SKOON:
Die Bult-Droogskoonmakery en wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en flink af met ghries-merke, vetkolle en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne slegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk.
Ure: Maandag tot Vrydag - 7vm. tot 5.30nm. Saterdag - 8vm. tot 1nm.

KIES & KEUR:
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:-
Kies & Keur, Tomstraat 98.

DIK EN DUN:
Verslankingsmasjiene, Figuuroefeninge, Liggaamsbou, Fiksheidsklasse en Sauna. Die modernste metodes in ten volle toegeruste gimnasium: Kom Maandag tot Saterdag. Studente slegs R10,40, belasting ingesluit. Potch Health Studio - Uitsigarkade, Tomstraat, die Bult, tel. 6846.

EK ADVERTEER KLEIN:
My praktyk is klein - natuurlik tot u voordeel! Nuwe fietse, gebruiktes, onderdele en herstelwerk, Moenie baie sukkel nie - Laat wiel na: PARK FIETSWINKEL. (F.F. Tranter) Tel. 4731, Van Riebeeckstraat 81.

Spektrum 1979

SPRAAKKLEER EN DRAMA DINK GROOT EN WYD

Soos in die verlede is Februarie die maand om die pers dop te hou vir die teateraanbiedings in die PU-Kamertoneel.

Interessante nuwighede maak vanjaar hul verskyning. Twee oudstudente is verantwoordelik vir twee van die vier Skemervonkels en een van die Toneelstudente gaan die eenbedryfinskrywing vir Kuesta 79 as 'n Sjordè aanbied. Die Derdejaar Spraak- en Vertolkingskundestudente sorg ook vir 'n Sjordè. Verder is die ou staatmakers, Peet van Rensburg, Liesbet Schoeman en Elize Scheepers weer vir PU. Kamertoneelaanbiedings verantwoordelik. Brenda Potgieter sal vanjaar weer 'n Dansdrama in die Totiussaal aanbied.

Die Vertolkingsprogramaand van die Derdejaars word deur Bet Botha behartig. Daar is nog drie ander Sjordè-aanbiedings en die twee ander Skemervonkels waar bekendes soos Netta Schutte, Roelie van den Bergh, Liesbet Schoeman, Brenda Potgieter en Paul Schutte hulle slag gaan wys.

Die gewilde etensuurkonserte - Sjordè - teater soos die kan dit skink - open die teaterbedrywighede met Netta Schutte se aanbieding van "MENSE??!!" (5-9 Maart). Dit wil klink asof hier hande saamgeslaan word oor die mens en al sy dinge. Dit beloof om aangename ligte vermaak te wees met hier en daar 'n prikkelende vraag of 'n treurige noot.

Vir die eerste aanbieding in die PU Kamertoneel neem Peet van Rensburg ons in die woonkwartiere van 'n sukkelende armsalige gesin in Port Elizabeth met Athol Fugard se "Hello and Goodbye" wat van 9-17 Maart in Engels aangebied word. Diane Brophy en Johan Steenkamp vertolk die rolle.

Kort daarna is dit tyd vir die immer jong wysies van Wene. Met musiek, sang en walsies gee Brenda Potgieter ons 'n kykie op Wene in "Stad van my Drome", die eerste Skemervonkel vanjaar vanaf 26-30 Maart.

Kort daarna open "Die Rissie - Marowit onder regie van Liesbeth Schoeman in die Kamertoneel 2-11 April. Marowitz het bekendheid verwerf vir sy verwerking van Shakespeare dramas. "Die Rissie" is 'n verwerking van "The taming of the Shrew" en dit handel wesenlik oor die konflik tussen man en vrou. Dit bly 'n heel interessante en belangrike teaterervaring want die man/vrou verhouding van die middeleeue word in kontras met die man/vrou verhouding van die moderne tyd gebring.

Die tweede termyn begin met die Spraak- en Vertolkingskunde III-studente se groepvertolkingsprogram onder leiding van Bet Botha Hulle noem dit "Ons ... is iets besonders!" (30 April tot 5 Mei). Op sprankelende en satiriese wyse bevraagteken hulle die bevinding - Is ons iets besonders? en hulle kom op verrassende nuwe gedagtes in die letterkunde af. Dis 'n aand van genot en besinning voor die boekrak.

Roelie van den Bergh se moderne eenbedryf vir die Sjordè het op dié stadium nog nie 'n naam nie. Eie aan Roelie sal dit interessant en genotvol moet wees.

Elize Scheepers noem haar toneelaanbieding met die eerstejaar Toneelkunde studente op die stadium nog Debuut '79. Sy beplan 'n vrolike loslit-losmaak klugtige aanbieding waar groentjie-op-die-verhoog kan toon waartoe hy/sy in staat is; waar hy/sy nogtans baie kan leer oor toneelspeel en die teater en waar die teaterpubliek ongekompliseerd agteroor kan sit en geniet (16-22 Mei).

Paul Schutte se getroue spanmaat, Aldo Behrens het ons verlaat maar vir 'n plaasvervanger het hy die bekoorlike Rina Hugo wat met haar sjarme en soet stem die Skemervonkel in eksamentyd sommer ekstra soet sal laat klink. Paul gaan hierdie Skemervonkel eg Afrikaanse keur 11-15 Junie. Net na die Junie-eksamen sê Gerrit Schoonhoven vir ons "Hallo - julle daar, buite ..." (Saroyen se "Hello out there.") in die Sjordé. Dis 'n insiggewende kykie in die eensame mens se binneste self. (18-22 Junie)

Net voor die Julievakansie lewer die Spraak- en Vertolkingskunde III studente hul in die individuele vertolkingsprogramme aan 'n uitgenooide gehoor (25 - 28 Junie).

Liesbet Schoeman bied weer 'n eenbedryf in die Sjordéprogram aan 30 Julie - 3 Augustus. Elize Scheepers durf die groot taak aan om die Middeleeuse moraliteitspel "Everyman" met al die studente tot haar beskikking, aan te bied. Soos die Middeleeue was, kleurvol en vol variasie - so beloof hierdie aanbieding om te wees, 8 - 17 Augustus.

Hierna volg 'n Skemervonkel deur Pieter Oberholzer wat hy verlede jaar nog 'n Edith Piaf-aand wou noem, 10 - 14 September. Die Derdejaar Spraak se Sjôrdé-aanbieding is op die oomblik nog 'n groot geheim. Dit is op 17 - 21 September en pas die volgende week verras Tom Hoffman weer met sy Skemervonkel 24 - 28 September. Die jaar word afgesluit met 'n Dansdrama - aanbieding in die Totiussaal 3 - 6 Oktober met Brenda Potgieter as Choreograaf. Sy gaan die program begin met dansvertolkings van 'n gedig en gewilde storie oor die menslike liefde. Daarna volg 'n kort choreografie van 'n interessante musikale komposisie van Leonard Bernstein. Die slotnommer van die program is die Gershwin komposisie Porgy and Bess. Omdat dit vanjaar Gesondheidsjaar is wil die Departement Spraakleer en Drama ook die gees gesond hou - vandaar die vol program van aangename teatergenot.

Die PU-koor



Prof Dirk Opperman (Foto: Beeld)

KOMAS - OPPERMAN SE JONGSTE

Prof. Dirk Opperman het onlangs die manuskrip van 'n nuwe digbundel aan die uitgewers Human en Rousseau oorhandig. Dit heet "Komas uit 'n Bamboesstok", met as subtitel, "Die Mirakelagtige Terugkeer ná Lewerversaking van ene Marco Polo".

Prof. Opperman se vorige bundel, "Edms Bpk", het in 1970 verskyn, en "Komas uit Bamboesstok" is sy eerste groot werk ná sy ernstige siekte in 1976.

ALABAMA TREK VOL SALE

Revue '79 het die "Volke van Suid-Afrika" as tema met die Kleurlinge, Engelse, Afrikaners en Swartes, asook die Hollanders en die Duitsers as die ontstaansvolke van die Afrikaners. Dié tema word geslaagd aangebied met behulp van tipiese musiek en kostuums afkomstig van elke nasionaliteit.

Die musiek is getrou aan die Alabama tradisie aangebied en gevolglik puik. Die uitbeelding van die Swartkultuur, met uittreksels uit Ipi Tombi en die bypassende kostuums was opvallend. Die aanbieding word afgesluit met die emosionele lied, "dit is my land ..."

Die komediante verdien spesiale erkenning, daar hulle die uiters moeilike taak het om die komiese, soms burleske, sketse te kombineer met die streng formele aanbieding van die res van die program. Wat wel hinderlik was, was die skyfieprojektor aan die begin van die vertoning.

Opsommend kan van Revue 79 gesê word dat dit beslis 'n emosionele impak op die gehoor maak: 'n mens kan eenvoudig nie onbetrokke by die deur uitstap nie. Alabama verdien werklik goeie ondersteuning - daarvan getuig die staande toejuiging van die gehoor tydens die groep se optrede in Johannesburg verlede naweek!

Bartho Smit (Foto: Die Transvaler)

BARTHO SMIT WEN PERSKORPRYS

Bartho Smit het die Perskorprys vir Letterkunde vir 1979 gewen met sy verhoogstuk, "Die Keiser". Ongeveer 21 skrywers het meegeding vir dié prys, waaronder Adam Small, I.D. du Plessis en Pieter Fourie.

Die beoordelaars was prof F.I.J. van Rensburg van RAU, prof H. van der Merwe Scholtz van Stellenbosch en dr Charles Malan van die Vrystaatse Universiteit.

Mnr Smit het verlede jaar die Hertzogprys vir drama gewen.

Meesterskonserte word gereel

Ses Meesterskonserte word hierdie jaar deur die konservatorium aangebied.

- 18 Februarie: Peter Frankl, vermaarde Hongaarse pianis en geen onbekende vir die Potchefstroomse publiek nie.
- 26 Maart: Heinrich Schiff, Oostenrykse tjellis, begelei deur Lamar Crowson.
- 30 April: Wynford Evans, vooraanstaande Engelse tenoor en Carl Shavitz, luit.
- 28 Mei: Silvia Marcivici, wêreldberoemde Roemeense violiste.
- 20 Junie: Mimi Coertze, sopraan, begelei deur Pieter de Villiers.
- 13 Augustus: Ensemble de Cuivres de Paris - 'n ensemble van drie trompet - en twee skuiftrompetspelers van die Paryse opera. Dit gaan dié kamermusiekkonsert van die jaar word!

Seisoenkaartjies is reeds beskikbaar by die konservatorium, teen 'n verminderde prys vir studente. Besprekings kan ook voor elke konsert by die konservatorium gedoen word.

STUDENTE-ARIA

Eerstejaars wat in die PU-koor wil sing, het geen ander kwalifikasies as 'n liefde vir sang nodig nie. Koorlede moet egter bereid wees om opofferings ter wille van die koor te maak.

Die kooroefeninge duur twee ure en word elke Maandag- en Woensdagaand gehou. Lede is verplig om hierdie oefeninge asook twee naweekkampe en 'n toer gedurende die wintervakansie by te woon.

'n Aantal nátoerse optredes en kerkoptredes word ook vir 1979 beplan. Die voorlopige toerplan is as volg: Evander, Ermelo, Vryheid, Newcastle, Empangeni, Durban, Amanzimtoti, Germiston.

Verskeie besienswaardighede sal besoek word, en daar sal ook tyd ingeruim word om die see te geniet, maar die hoofsaak is die kooroptredes.

Skuiwergat DEUR GRIMALDI

Gepraat van flieks: die rolprente wat mens deesdae sien (ek praat van oorsese flieks!) is magtig met magtige akteurs en soms minder voorteflike intriges. Die fliek wat ek in die oog het, is die huidige "treffer", The Greek Tycoon.

Dit is beslis nie 'n fliek waarna mev Kennedy-Onassis moet gaan kyk nie! Dit is 'n emosionele belewenis wat dikwels hartstogtelik word. Anthony Quinn slaag definitief as Theo Thomassis (Onassis) in sy soek na sy verlore jeug (wat oorgaan in gulsigheid).

Jaqueline Bisset het daarin geslaag om reg te kry wat Elton John nie kon nie: in slegs één fliek het sy witraambrille hoogmode gemaak!

Die fliek is soms stroperig (nie so erg soos Nicolene nie) maar tog kom dit bo uit óf deur die toedoen van die oorweldigende weelde van seiljagte en silwergrys Rolls Royce-motors, óf deur die wêreldbekende (-verstommende) eskapades van dié Griekse magnaat en sy "weduwee".

Ten slotte - sonder om olie op die vuur te gooi: ek wonder hoe In a Persian Market van Ketelby beïnvloed gaan word deur die verwikkelinge in Iran - noudat die Sjah weg is "on a Persian Carpet."

Ek skuif my skuiwergat vir eers toe - voordat dit 'n slaggat word in Die Wapad.

Sport

● ATLETIEK

EERSTEJAARS VERTOON VAAL

Die jaarlikse eerstejaarsatletiekbyeenkoms het nie vir veel nuwe talent gesorg nie.

Mnr. Jos Sirakis het egter gunstig gereageer deur te sê dat daar aan vele verborge talent gewerk kan word.

Hombré en Karlien het maklik met die ander koshuise afgereken.

Die hoogtepunt was die 110m-hekkies wat deur J. van der Walt in 'n rekordtyd van 14,5 sekondes afgelê is.

Die volledige uitslae is:

MANS

● Hombré	100
● Caput	60
● Dawie Dup	47
● Over de Voor	37
● Drakenstein	33
● Oppikant	31
● Klooster	30
● Villagers	28
● Amajuba	9

DAMES

● Karlien	67
● Wanda	45
● Wag-'n-bietjie	40
● Heide	32
● Klawerhof	28
● Vergeet-my-nie	27
● Danki	24
● Oosterhof	17
● Kasteel	6

Uitslae van Eerstejaars atletiek

DAMES 100m (Hekkies)

1. Y de Bruyn - Wag'n-bietjie - 19,1
2. M Neethling - Kulu - 19,5

MANS 100m (Hekkies)

1. J van der Walt - Caput - 14,5 (Rekord)
2. C Oberholzer - Thabajäh - 16,0

DAMES 100m

1. G van der Merwe - Karlien - 13,1
2. C Steyn - Wag-'n-bietjie - 13,6

MANS 100m

1. A Strauss - Oppikant - 11,4
2. W van Wyk - Villagers - 11,5

MANS (Gewigstoot)

1. P Hoogenboezem - Hombré - 12,34
2. L Olivier - Caput - 11,25

MANS 800m

1. J Mostert - Klooster - 2:00,6
2. D Mitchell - Hombré - 2:02,2

DAMES 800m

1. M Harmsen - Wag-'n-bietjie - 2:29,7
2. A Malan - Heide - 2:30,0

MANS (Verspring)

1. A Strauss - Oppikant - 6,41
2. J Els - Drakenstein - 6,15

DAMES 400m (Hekkies)

1. M Grobler - Wanda - 76,1
2. H Scholtz - Heide - 77,5

DAMES (Hoogspring)

1. R Swart - Wanda - 1,43
2. H Rossouw - Karlien - 1,40

MANS 400m (Hekkies)

1. J van der Walt - Caput - 55,5
2. J Rossouw - Dawie Dup - 62,0

DAMES 200m

1. G van der Merwe - Karlien - 26,4
2. R Swart - Wanda - 27,8

MANS (Paalspring)

1. J Lindeque - Villagers - 3,12
2. L Schult - Dawie Dup - 3,12

MANS 200m

1. S Greyling - Overs - 23,2
2. S Aucamp - Heimat - 23,6

DAMES (Gewigstoot)

1. A Beyleveld - Heide - 9,42
2. C Ferreira - Kulu - 9,31

MANS 1 500m

1. R Cronjé - Hombré - 4:09,2
2. C Delport - Overs - 4:27,0

DAMES 1 500m

1. S Oosthuizen - Wanda - 5:18,3
2. M Harmse - Wag-'n-bietjie - 5:23,3

DAMES (Spiesgooi)

1. A Schneider - Klawerhof - 30,00
2. J Roos - Karlien - 27,80

MANS (Driesprong)

1. A Strauss - Oppikant - 12,66
2. E Ströh - Dawie Dup - 12,54

MANS (Werpskyf)

1. P Hoogenbozem - Hombré - 37,50
2. J Opperman - Hombré - 36,82

MANS 3 000m (Stap)

1. C Swart - Caput - 13:28,0
2. J de Jager - Hombré - 14:30,8

DAMES 400m

1. G van der Merwe - Karlien - 60,0
2. C Steyn - Wag-'n-bietjie - 63,9

MANS 400m

1. S Greyling - Overs - 50,6
2. D Mitchell - Hombré - 52,7

DAMES (Skyfwerp)

1. A Schneider - Klawerhof - 30,30
2. R Greyling - Heide - 25,06

MANS (Hoogspring)

1. J van der Walt - Caput - 1,85
2. N Terblanche - Dawie Dup - 1,80

MANS 3 000m

1. R Cronje - Hombré - 9:16,8
2. J Mostert - Klooster - 9:45,6

MANS (Spiesgooi)

1. N Haager - Dawie Dup - 64,02
2. P Hoogenboezem - Hombré - 61,36

DAMES (Aflos)

1. Vergeet-my-nie - 54,7
2. Karlien - 54,8

DAMES (Verspring)

1. A Harmsen - Karlien - 4,62
2. C Eksteen - Oosterhof - 4,44

MANS (Aflos)

1. Drakenstein - 46,2
2. Overs - 46,6

Op pad om vir Thaba Jän punte in te samel.

SAU-uitslae

Atletiek

Die finale uitslag van die Mielieraad SAU Atletiek was soos volg:

Mans

UP - 112; UOVS - 84; US - 73½; PU - 68½; UPE - 53; RAU - 38; UK - 4.

Dames

UP - 96; UOVS - 67; PU - 55; US - 55; RAU - 25; UPE - 10.

Die volgende atlete het onder die eerste drie geëindig:

Mans
GOUD

L Liebenberg - 1500m - 3:42,1.
P Goose (Skyfwerp) - 57,46m
D Kuun 100m (H) - 14,2.

SILWER

E Wiehahn (Paalspring) - 4,20m
4 X 100m (Aflos) - 41,7 sek.

BRONS

P Goosen (Gewigstoot) - 15,05m, K Visser 400 m (H) - 52,6, K Visser 100m (H) - 14,7, N Meintjies 3000m (H) - 8:53,4

Dames
GOUD

E Robbertse (Spiesgooi) - 48,98m

SILWER

A Stander (800m) - 2:10,0, N Barnard (Hoogspring) - 1,70m

S de Villiers (Skyfwerp) - 42,44m

BRONS

C Bensch (Skyfwerp) - 39,48m, A Marais (100m) - 12,0, A Marais (100m H) - 14,1

Dames Aflos 4 X 100m - 47,9 sek.

Die volgende atlete was gekies vir die Protea span:

Mans

D Kunn - 100m H, K Visser - 100mH/400mH, P Goosen Skyf/Gewig, L Libenberg - 800m.

Dames

L Smit - 400mH, N Barnard - Hoogspr., A Stander - 800m, E Robbertse - Spiesgooi, A Marais - 100m/100mH.

UITNODIGINGSSPAN:

Mans

M Meintjes - 300m, E Wiehahn - Paalspr., B Pienaar - 800m, C Meyer - 3000m Stap.

Dames

I Malan - Verspring, S de Villiers - Skyf, C Bensch - Skyf.

Swem

* SAU - Swemtoernooi te Pretoria:

Ten spyte van 'n veelheid van probleme wat die swemklub ondervind het, het die PUKKE tog besonder goed presteer.
Dames 50m (Vlinderslag - M Spoormaker - 6de.
Mans 200m (Vryslag) - M Loots - 9de.
Mans 200m (Individuele Wisselslag) - D v Rensburg - 8ste en A Olivier - 9de
Mans 100m (Rugslag) - M Loots - 3de.
Mans 100m (Vryslag) - M Loots - 8ste.
PUKKE eindig negende.

* SAU - Onderwatertoernooi te Durban:

MANS ONDERWATERHOKKIE: PU eindig derde nadat hy vier wedstryde gebuit en drie verloor het. J Preller en C Schutte het die proewe vir die Proteaspan gehaal. J Preller is vir die vierde keer gekies vir dié span en hy het as kaptein opgetree.

DAMES ONDERWATERHOKKIE: Hulle het slegs die wedstryd teen UOVS gewen en vyfde geëindig.

SCUBA: Die kompetisie was uiters moeilik en het volgens die nuwe reëls plaasgevind, met die gevolg dat slegs een uit die 40 deelnemers die kompetisie kon voltooi het. PU het agste geëindig.

VISSKIET: Hierdie deel van die kompetisie kon nie plaasvind as gevolg van die see wat heel week ongeskik was vir visskiet.

Weens bovermelde probleem kon die uitslag nie as amptelik beskou word nie. Daarom is die trofee ook nie aan die wenners, Pretoria, oorhandig nie.

Tennis

Met die samestelling van die mansspan is aansienlike probleme ondervind vanweë die feit dat vier van die gereelde eerstespanspelers vir militêre diens opgeroep is. Die samewerking van die PU - Kommando in die opsig om vrystelling te verleen was pateties. Reeds ses weke voor die aanvang van die toernooi is vrystelling vir die spelers gevra. Kennis is ontvang dat die saak aandag geniet. Na herhaalde telefoonoproepe en boodskappe was daar nog geen duidelikheid oor die saak van vrystelling nie - selfs die Donderdag toe die span moes vertrek, was geen "ja" of "nee ontvang nie. Vrydag 1 Desember, is finaal verneem dat vrystelling nie toegestaan kon word nie.

Aanvanklik is B Hattingh te Pretoria geplaas ten einde hom in staat te stel om aan die toernooi deel te neem. Hy moes egter Saterdagaand in Potchefstroom aanmeld en is summier na die grens gestuur. Op hierdie stadium het ons slegs 3 spelers beskikbaar gehad en is D Botha ingeroep.

Die swak samewerking van die PU - Kommando het die span en die spangees geknak. Spelers wat nie kon speel nie, was onder andere Bennie Hattingh, Henry Jacobs en Albert Louw.

Die mansspan was ongelukkig om gelykop te speel teen RAU en Rhodes. Dit is twee spanne wat maklik geklop kon word indien slegs **een** van die verkose spelers gebruik kon word. Dit sou beteken dat die posisie van die PU aansienlik verbeter het.

Die dames was laaste gekeur, maar het daarin geslaag om RAU in 'n spannende wedstryd die loef af te steek. Teen Kaapstad was die PU ongelukkig om die beslissende stel in die finale wedstryd 7 - 5 te verloor nadat ons op 'n stadium met 5 - 2 gelei het.

Vir die mans het P Campher en C Botha voortreflik gespeel. Die druk op hulle was egter besonder groot, aangesien ons no. 3 en 4 mans nie 'n redelike kans gehad het om wedstryde te wen nie.

Die dames het almal hulle beste gelewer en selfs ervare speelsters soos Linky Boshoff, en andere moes, veral in die dubbelspel, alles uithaal om te wen.

PROF W J PUTTER
Spanbestuurder

Sportkorrels

Wie verlang 'n gelukkige jaar?

Nou praat ek veral, nie uitsluitlik nie, met die nuwelinge. Soos nog nooit tevore nie, sal die veranderde lewe waarin ons lewe, die uiterste eise stel aan ons liggaamlike en geestelike uithouvermoë, en in hierdie proses is dit moontlik dat tye van ongeëwenaarde spanning en drukte belewe kan word. Daarom is dit essensiëel dat ons eerder rustig sal besin en beplan as om blindelings in te plons en skeef aan te pas.

Vir die regte aanpassing is beplanning, gebalanseerdheid en toewyding nodig. Daar is nietemin ander belangrike faktore ook ter sprake. Vir eers net dié drie. Sien die universiteitslewe as die dekor op 'n verhoog, waarop ons, die studente en andere, beweeg. Hierdie dekor bestaan basies uit psigiese en fisiese aktiwiteite. Nou moet daar sodanig beplan word dat daar in verhouding, (ons kom universiteit toe om te "swot" eerstens), 'n balans kom tussen ons psigiese en fisiese aktiwiteite. Nadat die opweegsessie voltooi is, word daar met geloof en toewyding ingespring en siedaar - 'n gelukkige mens en 'n aanwins vir die universiteit.

Die dae van enige skoolsport is getel. Daar is nou vir 'n ieder en 'n elk 'n sportsoort wat hom of haar sal pas. Skakel net doodeenvoudig in. Behalwe dat dit bedruktheid en neerslagtigheid bestry, is daar 'n legio ander voordele in sport. Laat ons dan op hierdie manier ook ons kant bring met betrekking tot die nasionale gesondheidsjaar, en so gelukkig bly.

- Asst. Sportredaktrise

● SKIET

PU KRY EIE SKIETBAAN

Volgens majoor du Toit sal daar binnekort begin word met die PU se langverwagte skietbaan.

Verlede jaar is verskeie damestudente opgelei om pistole te hanteer, maar hulle moes die skietbaan van die dorp se skietklub gebruik. Wanneer die PU se skietbaan voltooi is, sal daar meer tyd tot die studente se beskikking wees en sal hulle op enige dag oefeninge kan bywoon.

Enige dame wat belangstel om hierdie skietopleiding te ontvang, moet met die HK-lid vir weerbaarheid in haar koshuis of met Gert Breed skakel.

Noodhulpplanne sal vir mans en dames wat belangstel vanaf 12 Februarie elke aand van die week om 19h00 aangebied word. Dit sal plaasvind in kamer 305 van die Biblioteek.

Alle persone is welkom en hoef nie vooraf kennis te gee nie.

Fiksheidsgroepe wat onder leiding van LO-studente in die oggende op 'n vasgestelde roete gaan oefen, sal moontlik gevorm word.